Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

# SENIOR FASE

# GRAAD 9

# NOVEMBER 2012

# SOSIALE WETENSKAPPE

**PUNTE:** **100**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye met ŉ topografiese kaart as ŉ addendum.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Die vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   - **AFDELING A: AARDRYKSKUNDE**. Beantwoord alle vrae.
   - **AFDELING B: GESKIEDENIS**. Beantwoord alle vrae.

2. Lees elke vraag deeglik voordat jy dit beantwoord.

3. Jy word voorsien van ’n 1:50 000 topografiese kaart 3227 CD KING WILLIAM’S TOWN (Bron 1); verwys daarna wanneer jy VRAE 1 en 2 beantwoord.

4. Die topografiese kaart moet ingehandig word by die toesighouer aan die einde van die eksamensessie.

5. Trek ’n lyn aan die einde van elke vraag.

6. Nommer jou vrae korrek.

## AFDELING A AARDRYKSKUNDE

### VRAAG 1 KAARTLEES EN KAART-INTERPRETASIE

Die vrae hieronder is gebaseer op die 1: 50 000 topografiese kaart 3227 CD KING WILLIAM’S TOWN (BRON 1). Kies die mees gepaste antwoord uit die lys moontlike antwoorde by elke vraag. Skryf slegs die korrekte letter (A–D) langsaan vraagnommer (1.1–1.10).

1.1 ’n Kaart-indeks dui die ... aan.

A posisie van die kaart - die breedte-graad en lengte-graadlyne op die rooster
B posisie van die kaart
C roosterligging op die kaart
D breedte-graad en lengte-graadlyne van ’n kaart (1)

1.2 Bron 1 (Topografiese kaart van King William’s Town) dui Bisho se Alfa-Numeriese Rooster as ... aan.

A 32º50’
B 8A
C A8
D 27º28’ (1)

1.3 Die tipe landvorme aangedui deur die kontoer lyne in blok A6 is:

A Konveks en Vallei
B Krans en Uitloper
C Uitloper en Vallei
D Konkaaf en Uitloper (1)

1.4 Die tipes vervoer in King William’s Town:

A Water-, Lug- en Padvervoer
B Lugvervoer en Padvervoer
C Watervervoer en Spoorvervoer
D Padvervoer en Spoorvervoer (1)

1.5 Identifiseer die aantal hoogtemerke sigbaar op die N2 vanaf die ‘Y’-aansluiting in blok C3 weswaarts op die N2 tot waar die pad eindig in blok D1.

A 0
B 7
C 5
D 3 (1)

1.6 Een voorbeeld van ’n standhoudende rivier op die kaart is …

A KuQindeberivier **(G4)**.
B Zimbabarivier **(I2)**.
C eBhalasirivier **(A4)**.
D Buffalorivier **(F6)**. (1)

1.7 Watter skaal verskyn nie op hierdie kaart nie?

A Woordskaal
B Liniêre skaal
C Verhoudingskaal
D Lynskaal (1)

1.8 Die doel van die brug in BLOK D6 is om die …

A vloei van voetgangers te beheer.
B vloei van diere te beheer.
C vry vloei van pad- en spoorvervoer te verseker.
D motors op die brug te beheer. (1)

1.9 Die hoogste punt in die volgende blokke soos op die kaart aangedui, word gekry by die trigonometriese stasie in blok …

A D2.
B H2.
C B4.
D A6. (1)

1.10 Die primêre ekonomiese aktiwiteit in die suid-westelike deel op die kaart, is …

A bewerking van lande.
B boorde en wingerde.
C geboue en paaie.
D kontoerlyne. (1)

**[10]**

## VRAAG 2 KAARTLEES EN KAART-INTERPRETASIE

Beantwoord die volgende vrae:

2.1 Jy reis op die **hoof pad** vanaf die **'Y'-aansluiting** in blok **(F7)** suid-oos van Zwelitsha na die **uitgrawings**, suid van KwaMlakalaka in blok **(H7)**. Sê of jy in die algemeen opdraand of afdraand ry. Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

2.2 Bereken die **peiling** vanaf **3 in** blok **B4** tot by **B in** blok **C4**. (2)

2.3 Gee die **koördinate** van die tenk by Da Gama **(blok E6)**. (2)

2.4 Hoe ver is die **lynregte afstand** per trein in kilometers vanaf Yellowoods-treinstasie **(blok B8)** tot by Blaney? Dui alle bewerkinge aan. (3)

2.5 Gebruik jou antwoord hierbo en **bereken die tyd** wat dit jou sal neem om per trein te reis teen 'n spoed van **100 km/u** vanaf Yellowoods-treinstasie tot by Blaney. (3)

2.6 Vir watter doel kan die volgende in die bestudering van Aardrykskunde gebruik word?

2.6.1 Lugfoto (1)

2.6.2 Ortofoto (1)

2.6.3 Satellietbeelde (1)

**[15]**

## VRAAG 3 ONTWIKKELING & VOLHOUBARE GEBRUIK VAN HULPBRONNE

3.1 Noem TWEE AANWYSERS van ekonomiese ontwikkeling. (2)

3.2 Dui aan watter TWEE van die antwoorde hieronder ontwikkeling sal vertraag en watter TWEE ontwikkeling sal bevorder.

**HIV/Vigs, Gebruik van rekenaars, Misdaad, Maatskaplike toelaes**

LW: Gebruik die tabel hieronder as 'n gids om die vraag hierbo te beantwoord

| DIT VERTRAAG ONTWIKKELING | | DIT BEVORDER ONTWIKKELING | |
|---|---|---|---|
| 1. | | 1. | |
| 2. | | 2. | |

(2x2) (4)

3.3 Noem TWEE argumente teen die gebruik van **gepaste tegnologiese** strategie as 'n middel van ontwikkeling. (2)

3.4 Bestudeer die tabel hieronder (BRON 2) in verband met Suid-Afrika se beskermde marine-gebiede in elke provinsie en beantwoord dan die vrae wat volg.

BRON 2: TABEL OOR BESKERMDE MARINE-GEBIEDE IN ELKE PROVINSIE

| FUNKSIE | NOORD-KAAP | WES-KAAP | OOS-KAAP | KWAZULU-NATAL | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|
| **Bewaring** | | 1 | 8 | 3 | 12 |
| **Vissery** | 1 | 9 | 8 | 2 | 19 |
| **Opvoeding** | | 3 | | | 3 |
| **Toerisme** | | 4 | 2 | 2 | 8 |
| **TOTAAL** | **1** | **17** | **18** | **7** | **53** |

*Departement van Omgewingsake en Toerisme Direktoraat: Oktober 1999*

3.4.1 Wat is marine-lewe? (1x2) (2)

3.4.2 Waarom verskyn hier slegs 4 van die 9 provinsies van Suid-Afrika in die tabel hierbo? (1x2) (2)

3.4.3 Bestudeer die tabel en vergelyk die Wes-Kaap se opvoeding oor die see-lewe met die opvoeding in die ander provinsies. (1x2) (2)

3.4.4 Noem enige DRIE redes waarom ons altyd moet probeer om die oseane teen alle vorme van besoedeling te beskerm. (3x1) (3)

**[17]**

**VRAAG 4 SOSIALE EN OMGEWINGSKONFLIKTE IN SUID-AFRIKA**

4.1
- **Lees** die opskrifte en **kyk** sorgvuldig **na** die prente in die uittreksels (BRON 3) hieronder.
- **Bestudeer** die redes vir die konflik reg onder aan alle prentjies.
- **Pas** elke prent vanaf A tot D by die mees-gepaste rede vir konflik wat hieronder verskyn.

(4x1) (4)

| **Redes vir konflik** |
|---|
| Beperkte hulpbronne, Mag, Ongelykheid, Die verlede (geskiedenis), Xenofobie, Verskille in standpunte, Diskriminasie |

BRON 3: PRENTE




*(Vryelik vertaal vanuit Oxford Successful Social Sciences - Grade 9 Learners Book)*

4.2 Alhoewel demokrasie in Suid-Afrika in sy 18$^{de}$ jaar is, kom afsonderlike gevalle van rassisme en xenofobie nog voor.

Beskryf kortliks die probleem hieronder gelys en verskaf 'n voorstel vir 'n moontlike oplossing

4.2.1 Rassisme (1+1) (2)

4.2.2 Xenofobie (1+1) (2)

**[8]**

## AFDELING B: GESKIEDENIS

### VRAAG 5 APARTHEID IN SUID-AFRIKA

5.1 Verduidelik in TWEE sinne hoe die Tweede Wêreldoorlog bygedra het tot die instel van apartheid in Suid-Afrika. (1+1) (2)

5.2 Die apartheidsregering het segregasie-wette ingestel om witmense aan bewind te hou.

Watter apartheidswet het:

5.2.1 Suid-Afrikaners geklassifiseer as ‘blanke of Europeër’, ‘kleurling’, ‘naturel’ of ‘Indiër’ en dit dan aangedui op ’n identiteitskaart. (1)

5.2.2 Aparte gebiede daargestel vir sekere rasse groepe in stedelike gebiede. (1)

5.2.3 Aparte onderwys vir swartes ingestel en as gevolg van die streng wetgewing het studente verskeie protesaksies gedurende die Soweto-onluste in 1976 gereël. (1)

5.3 Skryf ’n paragraaf van nie minder as VYF sinne, waarin jy die rol wat Robert Sobukwe gespeel het in die stryd om mense-regte in Suid-Afrika te bekom, verduidelik. (5)

**[10]**

### VRAAG 6 MENSEREGTE KWESSIES GEDURENDE EN NA DIE 2^de^ WĚRELDOORLOG

6.1 Noem TWEE redes waarom die mense in die Weimar Republiek so baie ongelukkig en verbitterd was. (2)

6.2 Gee TWEE beloftes deur Nazi’s aan die Duitsers gemaak indien hulle vir die Nazi’s sou stem om aan bewind te kom. (2)

6.3 Wat was die rol van Joseph Goebbels in Hitler se regering? (1x2) (2)

6.4 BRON 4: SIMBOLE



Simbool 1



Simbool 2

Identifiseer die volgende TWEE simbole hierbo (BRON 4) en verduidelik waarom jy dink hulle in die openbaar uitgestal moet word al dan nie. (2x2) (4)

**[10]**

## VRAAG 7 EINDE VAN DIE 2de WĚRELDOORLOG EN DIE STRYD OM MENSE-REGTE

7.1 Kies die **gevolg in KOLOM B** wat pas by die **oorsaak in KOLOM A**. Skryf slegs die gepaste letter in KOLOM B langs die nommer van die vraag in KOLOM A.

| KOLOM A - OORSAKE | | KOLOM B - GEVOLGE | |
|---|---|---|---|
| 7.1.1 | Die Volkebond wat gestig was na die Eerste Wêreldoorlog het misluk om ŉ volgende Wêreldoorlog te voorkom | A | Dit het aanleiding gegee tot die opkoms van die idee van Verklaring van Mense-regte |
| 7.1.2 | Op 1 Desember was ŉ swart Amerikaanse vrou (Rosa Parks) gearresteer omdat sy geweier het om haar sitplek in ŉ bus af te staan aan ŉ wit man. ŉ Volskaalse boikot van die stad se busse sowel as protesaksies deur die swart bevolking het gevolg vir ongeveer ŉ jaar | B | Swart mense was behandel as minderwaardig; hulle het hul grond verloor en daar was swak dienslewering vir hulle |
| 7.1.3 | Gedurende koloniale beheer was mense-regte van swart mense nie beskerm nie | C | Die Verenigde Nasies wat vandag nog bestaan, is in 1945 gestig met die doel om dwarsdeur die wêreld vrede te handhaaf |
| 7.1.4 | Na die 2de Wêreldoorlog was die wêreld geskok oor die Nazi's se misbruik van mense-regte asook hul misdade teen die mensdom | D | Suid-Afrika was gekoloniseer deur Holland (Nederlanders) en die Britte (Engelse) wat na die ooste wou uitbrei |
| 7.1.5 | Die Berlynse Konferensie van 1884 by die woning van Otto von Bismarck het die grondslag gelê vir die 'wedloop om Afrika' | E | Aanhoudende bus- en winkel-boikotte, georganiseer deur Swart Amerikaanse nasionaliste, het druk uitgeoefen op die regering om sy segregasie beleid te verander |

(5x1) (5)

7.2 Tot watter mate het ons land, Suid-Afrika, Kinderregte onderhou? Noem voorbeelde in jou bespreking om aan te dui dat ons regering wel kinderregte ondersteun. (5x1) (5)

**[10]**

## VRAAG 8 DIE KERNWAPENTYDPERK EN DIE KOUE-OORLOG

Lees die gemengde teks hieronder (BRON 5) en beantwoord dan die vrae wat volg.

BRON 5: GEMENGDE TEKS

Na die Tweede Wêreldoorlog in 1946, was die wêreld verdeel in twee magtige kampe. Joseph Stalin, was vasbeslote dat die Sowjets vir Oos-Europa moet oorheers en wou ook voorkom dat Duitsland weer ŉ ander oorlog sou begin. Gevolglik was die Warskou Pakt in 1955 gestig as teenvoeter vir NAVO. Die Russe het ook vir Sputnik 1, wat die eerste satelliet in die ruimte was op 4 Oktober 1957 gelanseer. Hulle het vir Yuri Gagarin in 1961 in die ruimte gestuur; dit was die bron van trots vir die Sowjets. In 1956 het Khrushchev tenks na Hongarye en Pole gestuur om die opstande teen die Sowjets in daardie lande te gaan onderdruk en in 1961 is die Berlynse-Muur opgerig. Mikhail Gorbachev het ernstige hervormings aangebring wat gelei het tot die val van die Berlynse-muur op 9 November 1989.

Die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie was in 1949, na die eerste atoombom op die Japannese stad – Hiroshima – op 6 Augustus 1945 neergewerp was, gevorm. Die tweede bom, met die bynaam '*Fat Man*', is 3 dae later op die Japannese stad Nagasaki gewerp. Hierdie twee bomme het die hele wêreld geskok en het die hele aard van oorlogvoering verander. Die Amerikaners het hulle eerste man, Neil Armstrong, op 21 Julie 1969 na die maan gestuur; hierdie het die Amerikaners laat voel dat hulle ŉ voorsprong bo ander lande in die ruimte-wedloop gehad het. In 1962 het President Kennedy gedreig om Kuba binne te val na die ontdekking van medium-afstand kernwapens wat op sy land gemik was.

8.1 Haal enige DRIE gevalle aan uit die uittreksel wat dui op mededinging tussen NAVO en die WARSKOU Pakt tydens die bewapeningswedloop.(3x2) (6)

8.2 Wanneer was die tweede bom laat val? (2)

8.3 Verduidelik waarom die Berlynse-muur gebou was en ook waarom dit misluk het. (1+1) (2)

**[10]**

## VRAAG 9 SAKE VAN ONS TYD

9.1 Wat is *amnestie*? (1)

9.2 Skryf die naam van 'n ETNIESE MINDERHEIDSGROEP wat in Ruwanda gewoon het en in die 1990's uitgemoor is as gevolg van etniese suiwering. (1)

9.3 Noem EEN manier waarop mense tydens die Bosniese krisis uitgewis/vermoor is. (1)

9.4 Noem TWEE argumente **ten gunste van** globalisering asook TWEE argumente **teen globalisering**. (2x2) (4)

9.5 Wie was die voorsitter van die WVK? (*Hy is 'n Anglikaanse Aartsbiskop*.) (1)

9.6 Kies TWEE presidente hieronder wie die **vergestalting** van die Afrika-Renaissance was.

| | | |
|---|---|---|
| Thabo Mbeki | Olusegun Obasanjo | Barack Obama |

(2x1) (2)

**[10]**

**TOTAAL: 100**